## Die Essensie van Neo-Spektrum:

*Hier ontmoet ons 'n God wat* LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
*Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor*
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
*Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM*
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com


**ACIM: Stad 30 Januarie 19h30**
**Kolping 2 Februarie 19h30**
**— Verhoudinge: 18 Februarie —**

**Boekgroep**
**Maandag 6 Februarie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail__________________________ Sel________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — *Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,*
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n* ***debietorder*** *wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum
## 22 Januarie 2017
## CHOOSE LIFE
## INSIG TOT WYSHEID

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Hebrew Love Song — Ofra Haza ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

[Spreuke] om wysheid en instruksie te ken
om woorde van insig te onderskei;
om instruksie te ontvang in wyse gedrag,
regverdigheid, geregtigheid en billikheid.
Om verstandigheid te gee aan die eenvoudiges
aan jongmense kennis en diskresie.
'n Wyse mens sal luister en in kennis toeneem
en 'n man wat verstaan sal wyse raadgewing verkry.
Om 'n spreuk (instruksie) en 'n interpretasie te verstaan
die woorde van die wyses en hulle raaisels.
**Eerbied** aan God is die begin van kennis,
dwase verafsku wysheid en instruksie.
Luister my seun, na jou vader se instruksie
en moenie jou moeder se **lering** verlaat nie;
want hulle is 'n liefdevolle krans vir jou hoof
en 'n ornament vir jou nek.

**— Spreuke 1:2-9 —**

## STILTE VAN BINNE

## LEES: Spreuke 8:22-31

*"Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken hom in al jou weë, dan sal hy jou paaie gelykmaak. Wees nie wys in jou eie oë nie, eerbiedig die Here, en vermy die kwaad; dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.*
***— Spreuke 3:5-8***

*"Bo alles, bewaar jou hart met ywer, want dit is die fontein van lewe"*
***— Spreuke 4:23***

*"'n Geduldige mens is baie verstandig; een wat kort van draad is, stel sy dwaasheid ten toon. 'n Kalm gemoed hou die liggaam gesond; jaloesie vreet 'n mens op."* ***— Spreuke 14:29-30***

*"Hoeveel beter is dit om wysheid te verkry as goud! En om insig te bekom as silwer"* ***— Spreuke 16:16***

## Acknowledge the Breath of God

❁ **Trappe van intellektuele, emosionele, en spirituele groei: Kennis, Verstaan, Ervaring, Wysheid, Floreer —** *"Elke mens doen wat reg is in sy eie oë, maar die Here weeg die hart. Doen wat regverdig en reg is, wat die Here verlang, is meer as offers." (21:2-3)*

⚘ **Sfeer van insig (wysheid) en uitsig (waarheid) en hoe om dit toe te pas in elke aspek van menswees —** *"Koop waarheid, en moet dit nie verkoop nie. Kry wysheid, en instruksie en verstaan. (23:23)*

⚘ **Lesse vir 'n sinvolle lewe en die HOE van 'n praktiese toepassing in die mens se 'vrye wil' —** *die verstaan van oorsaak en gevolg in reaksies:*

Ons glo die **REDE** (verstand) weet beter as die **HART** (siel) — *die **ego** floreer*
God het 'n **AGENDA** en werk met **MERIETE** — ***behoeftes/verwagtinge** ontstaan*
Die toekoms is **ONSEKER** — *die illusie van **mislukking** ontstaan*
Projeksies van **SEPARATION** — ***verwerping** & **disunity** ontstaan*
Daar's **NIE GENOEG** nie — ***ontevredenheid** en **afguns** ontstaan*
Ons gaan iets moet **DOEN** om dit reg te stel — ***verwagtinge** word geskep*
As jy niks doen, gaan jy **GESTRAF** word — ***oordeel** en **skuldgevoelens** ontstaan*
Ons kry dit dan nie reg nie, **VEROORDELING** volg — ***verwerping** volg*
Liefde is dus **VOORWAARDELIK** — ***vrees** oorheers alle ander emosies*
Regeer deur **ILLUSIES** — ***naïewiteit** word gekweek, meer **onkunde** ontstaan*



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ ODE TO SIMPLICITY — SECRET GARDEN ~

---

Net twee dinge vra ek van U;
moet my dit tog nie weier nie;
daarna kan ek sterf:
moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie;
moet my nie arm maak of ryk nie,
gee my net die kos wat ek nodig het,
sodat ek nie te veel het en U verloën
en sê: "Wie is die Here?" nie,
en sodat ek nie arm word en steel
en my God se Naam oneer aandoen nie.
— Spreuke 30:7-9 —

*"Maar die wysheid wat van bo kom,*
*is allereers suiwer (onvervals),*
*en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam,*
*vol medelye en goeie vrugte,*
*onwrikbaar, sonder skynheiligheid.*
*En die vrug van geregtigheid word gesaai in vrede*
*vir hulle wat vrede maak."*
*— Jakobus 3:17-18 —*

---

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

~ LOVE, PEACE, AND WISDOM — BLISS ~